# HOOFSTUK 2
# RITTE

| REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 2 | | |
|---|---|---|
| **Artikel** | **Onderwerp** | **Datum van wysiging** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## 2. RITTE

2.1 Inleiding
2.2 Ritreëls
2.3 Ritkalender
2.4 Voorgee van Bane
2.5 Kansellasie van Ritte
2.6 Klassifikasie van Ritte, Aantal Bene en Lengte van Bene
2.7 Roete en Merk van Baan
2.8 Inskrywings
2.9 Vertrek en Vertrektye
2.10 Kontrolepunte, Veeartsondersoeke en Tydhou
2.11 Optrede op die Baan
2.12 Nie-voltooiing
2.13 Maksimum Voltooiingstye
2.14 Sertifikate en Prysuitdelings
2.15 Indien van Uitslae

### 2.1 INLEIDING

2.1.1 ‘n Uithourit is ‘n kompetisie waar die spoed en uithouvermoë van perde getoets word. Om suksesvol te wees moet ‘n ruiter die perd se vermoëns ken en weet wat van die perd oor alle terreinvorme verwag kan word.

2.1.2 Elke rit bestaan uit ‘n aantal bene. Na elke been sal alle perde deur die veterinêre paneel ondersoek word.

2.1.3 Alle uithouritte is kompetisies teen tyd. Die perd/ruiterkombinasie wat die bepaalde afstand in die kortste tyd voltooi sal as wenner aangewys word.

2.1.3.1 By die Fauresmith 200:

2.1.3.1.1 Is die perd/ruiterkombinasie wat die rit in elke kategorie in die kortste tyd voltooi, die wenner van die betrokke kategorie.

2.1.3.1.2 Sal die senior ruiter (ongeag die gewigskategorie) wat die rit in die kortste tyd voltooi, as die "algehele senior wenner" beskou word.

2.1.3.1.3 Sal 'n aanvullende stel uitslae voorberei word, gegrond op 'n regressieformule waardeur ruiters se tye op grond van ruitergewig aangepas word. Hierdie sal bepaal wie die "wenner op voorgee" is (om nie verwar te word met die "algehele senior wenner" nie).

- Die regressieformule word bereken op grond van die uitslae van die senior liggewig, senior standaardgewig en senior swaargewigkategorieë van die Fauresmith 200.
- Uitslae van die laaste vyf jaar word in aanmerking geneem by die berekening. In ‘n opvolgende jaar word die jongste jaar se uitslae bygevoeg, en val die oudste jaar se uitslae weg uit die berekening.

- Die formule moet jaarliks, nie later twee weke voor die aanvang van die Fauresmith 200, deur die Algemene Bestuurder aan alle lede van die Vereniging bekend gemaak word. Vir die doeleindes hiervan sal 'n kennisgewing aan alle klubs ge-ag word as 'n kennisgewing aan alle lede.

2.1.3.2 Wanneer daar onder die trapleerreëls aan 'n rit deelgeneem word, word slegs erkenning gegee vir voltooiing van die afstand, en word geen wenner aangewys nie.

2.1.4 Alle ritte moet oop wees vir deelname deur alle lede van die UV v SA, en geen geslote ritte mag aangebied word nie.

2.1.5 Alle ritte wat onder die reëls van die UV v SA aangebied word staan onder die beheer van 'n Ritmeester en, spesifiek ten opsigte van die welsyn van die perde, die Hoofveearts (kyk Hoofstuk 6). Vir ritte wat onder die reëls van die Federation Equestre Internationale (FEI) aangebied word, geld beheerstelsels soos vervat in die Statute, Algemene regulasies, Uithouritreëls en Veterinêre Regulasies van die FEI.

## 2.2 RITREËLS

2.2.1 Ritte wat onder die beskerming van die UV v SA aangebied word kan:

2.2.1.1 Aangebied word volgens die reëls van die UV v SA soos neergelê in hierdie Grondwet en Reëls, en dan òf volgens die verpligte rus-tydhoustelsel, òf die hek-tydhoustelsel (wat later in hierdie hoofstuk bespreek word), met die voorwaarde dat alle afstande by 'n byeenkoms onder dieselfde reëls aangebied moet word.

2.2.1.2 Aangebied word volgens die reëls van die FEI, soos in die Statute, Algemene Regulasies, Uithouritreëls en Veterinêre Regulasies van die FEI neergelê.

2.2.1.2.1 Indien ritte as volwaardige FEI ritte geregistreer en dus op die FEI se jaarkalender geplaas moet word, sal dit van die betrokke klub verwag word om die betrokke jaarlikse registrasiegelde (soos deur die FEI bepaal) te betaal.

2.2.1.2.2 'n Klub moet eers 'n CEI 1* rit suksesvol aanbied voordat die klub 'n CEI 2* of 'n CEI 3* rit mag aanbied.

2.2.1.3 Wanneer ritte volgens die reëls van die FEI aangebied word, moet die ritkomitee toesien dat die volgende UV v SA reëls steeds nagekom word:

2.2.1.3.1 Reëls rakende die immunisasie van perde teen Afrika Perdesiekte.

2.2.1.3.2 Reëls met betrekking tot die voorsiening van water en die aantal waterpunte op die baan (kyk onder 2.6 in hierdie hoofstuk).

2.2.1.3.3 Reëls met betrekking tot kleurkodes van veeartskaarte (kyk onder 2.9 in hierdie hoofstuk)

2.2.1.3.4 Minimum gewig vir senior ruiters:

- Sal by alle CEI 1* ritte 73kg wees, om so aan te pas by die UVvSA reëls in die verband; en
- Sal by alle CEI 2* en 3* ritte 75kg wees, sodat die ritte as kwalifiserende ritte onder FEI reëls erken sal word.

2.2.1.4 Ritte onder UV v SA reëls moet streng volgens die reëls aangebied word. Ritmeesters moet hieroor toesig hou en, indien daar afwykings is, dit aan die Uniepresident van die Unie waar die klub ge-affilieer is, rapporteer. Die Unie moet die klub aanspreek en ook die klub bystaan om, by 'n volgende rit, streng by die reëls te hou. Sou daar dan weer probleme ondervind word, sal dit na die Raad verwys word vir verdere optrede.

## 2.3 RITKALENDER

2.3.1 Die bestuur van ‘n klub moet jaarliks (voor ‘n datum soos deur die betrokke unie bepaal), op die voorgeskrewe vorm, by die betrokke Unie aansoek doen dat die klub se rit(te) op die amptelike ritkalender geplaas word.

2.3.2 Uniebesture moet:

2.3.2.1 Teen 30 April van elke jaar die datums van ritte wat gedurende die volgende uithouritjaar deur klubs wat by die Unie geaffilieer is, onder UV v SA reëls aangebied sal word, by die Algemene Bestuurder van die UV v SA inhandig.

2.3.2.2 Teen 31 Augustus van elke jaar die datums van ritte wat gedurende die volgende kalenderjaar deur klubs wat by die Unie geaffilieer is, onder FEI reëls aangebied sal word, by die Algemene Bestuurder van die UV v SA inhandig.

2.3.3 Die algemene bestuurder moet:

2.3.3.1 Ten opsigte van ritte onder UV v SA reëls, teen nie later as 16 Mei van elke jaar, alle ritdatums konsolideer en ‘n voorgestelde ritkalender opstel. Hierdie voorgestelde ritkalender word na alle Uniebesture versprei sodat korreksies aangebring kan word. Uniebesture moet die gekorrigeerde ritkalender nie later nie as 31 Mei aan die Algemene Bestuurder terugbesorg, wat dan die konsepkalender aan die Dagbestuur van die Raad sal voorlê vir goedkeuring. Sodra die ritkalender deur die Dagbestuur goedgekeur is, moet die Algemene Bestuurder dit na alle lede van die UV v SA versprei (teen nie later as 30 Junie van elke jaar nie). Vir doeleindes hiervan sal verspreiding na alle klubsekretarisse beskou word as verspreiding na alle lede. Die ritkalender (opgedateer met alle wysigings) moet ook voortdurend op die UV v SA webtuiste beskikbaar wees.

2.3.3.2 Ten opsigte van ritte onder FEI reëls, die ritdatums konsolideer en teen nie later nie as 16 September van elke jaar, aan die Dagbestuur van die Raad voorlê vir goedkeuring. Na goedkeuring moet die Algemene Bestuurder dit na die Nasionale Perdesportfederasie deurgee vir indiening by die FEI, en dit ook na alle lede van die UV v SA versprei (teen nie later as 30 November van elke jaar). Vir doeleindes hiervan sal verspreiding na alle klubsekretarisse beskou word as verspreiding na alle lede. Die datums (opgedateer met alle wysigings) moet ook voortdurend op die UV v SA webtuiste beskikbaar wees.

2.3.4 Dit moet duidelik op die ritkalender aangedui word volgens watter reëls en tydhoustelsel die rit aangebied word. 'n Goedgekeurde datum en formaat vir 'n ritbyeenkoms mag nie verander of gekanselleer word nie, tensy die klub vooraf by die Uniebestuur waar die klub geaffilieer is toestemming kry, en slegs indien daar een-en-twintig (21) dae kennis aan alle lede van die Vereniging gegee kan word. Die verandering moet deur die uniesekretaris aan die Algemene Bestuurder deurgegee word, wat dit dan aan alle klubsekretarisse sal versprei en ook sal toesien dat die verandering op die UV v SA se webtuiste bekendgestel word.

2.3.5 Geen addisionele ritte mag gehou word sonder die toestemming van die Dagbestuur van die Raad nie.

## 2.4 VOORGEE VAN BANE

2.4.1 Verskeie faktore beïnvloed die prestasie van ruiters en perde tydens uithouritte. Hierdie sluit in omgewingsfaktore soos omgewingstemperatuur, humiditeit, hoogte bo seespieël, terrein (topografie), wind en reën. Omdat hierdie omgewingsfaktore verskil van baan tot baan is dit moeilik om uitslae van ritte wat op verskillende bane gery is met mekaar te vergelyk. In 'n poging om dit wel te kan doen is 'n formule ontwikkel waardeur vir elke baan 'n voorgee bereken word. Dit word soos volg gedoen:

2.4.1.1 Om die voorgee vir 'n spesifieke jaar te bereken, word die uitslae van die senior standaardgewig- en senior swaargewigkategorieë gebruik. Uitslae van hierdie twee kategorieë word as een gekombineer (met die ruiter met die vinnigste gemiddelde spoed eerste, en daarna opvolgend volgens gemiddelde spoed).

2.4.1.2 As uitsondering, by ritbyeenkomste waar spesifieke distansies slegs vir een ouderdomskategorie aangebied word (bv as 'n rit oor 120km slegs vir junior/jong ruiters aangebied word), sal 'n aparte voorgee wat slegs vir daardie kategorie geld, bereken word.

2.4.1.3 Vir byeenkomste waar ritte oor verskeie afstande (80km en langer) aangebied word, moet 'n aparte voorgee vir elke ritafstand bereken word.

2.4.1.4 Die voorgee word bereken deur gebruik van die volgende formule:

$$V_1 = 23 - \frac{(S_1 + S_2 + S_3)}{3}$$

Waar $V_1$ = Voorgee vir die betrokke jaar
S1 = gemiddelde spoed van die vinnigste ruiter

$$S2 = \frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek)}}{3}$$

$$S3 = \frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek + 4e plek + 5e plek)}}{5}$$

2.4.1.5 Omgewingsomstandighede wissel egter van jaar tot jaar. Om dit sover moontlik in berekening te bring, word die finale voorgee van elke baan bereken deur die uitslae van die afgelope vyf jaar se ritte op die baan in ag te neem. Hierdie finale voorgee is dus:

$$V_f = \frac{V_1 + V_2 + V_3 + V_4 + V_5}{5}$$

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | $V_f$ | = | Finale voorgee |
| | $V_1$ | = | Voorgee van laaste jaar |
| | $V_2 – V_5$ | = | Voorgee van vorige jare |

2.4.1.6 In elke opvolgende jaar word die jongste jaar se voorgee dan bygevoeg, en val die oudste jaar se voorgee weg uit die berekening.

2.4.1.7 Wanneer daar vir die eerste keer ‘n rit op ‘n betrokke baan aangebied word, word die voorgee van die baan bereken sodra die uitslae van die rit beskikbaar is (hierdie voorgee word dan in retrospek gebruik). Na die tweede jaar word die gemiddelde voorgee vir jaar een plus twee bereken, na die derde jaar vir jaar een, twee en drie, en so verder totdat statistiek vir vyf jaar of meer se ritte beskikbaar is, wanneer die benadering soos in artikel 2.4.1.4 en 2.4.1.5 hierbo gevolg word.

2.4.1.8 Indien minder as vyf ruiters (gekombineerde senior standaardgewig- en senior swaargewigkategorie) die rit/afstand voltooi, word die formule in artikel 2.4.1.4 soos volg aangepas:

$$V_1 = 23 - \frac{(S_1 + S_2 + S_3)}{3}$$

Waar $V_1$ = Voorgee vir die betrokke jaar

S1 = gemiddelde spoed van die vinnigste ruiter (kyk 2.4.1.1)

$$S2 = \frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek)}}{3}$$

$$S3 = \frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek + 3e plek + 3e plek)}}{5}$$

Maw die ruiter in die derde plek se spoed word herhaaldelik gebruik om te kompenseer vir die gebrek aan 'n vierde en vyfde plek.

2.4.1.9 Indien minder as drie ruiters (gekombineerde senior standaardgewig- en senior swaargewigkategorie) die rit/ritafstand voltooi, kan die voorgee nie bereken word nie. Dit beteken dat:

2.4.1.9.1 Vir 'n nuwe baan, waar daar nog nie 'n voorgee bereken is nie, daar ook geen voorgee in retrospek bereken kan word nie; en

2.4.1.9.2 Vir ander bane die voorgee onveranderd na die volgende seisoen oorgedra word.

2.4.2 Indien die roete van die bepaalde baan met meer as 20% verander, word dit as ‘n nuwe baan beskou en moet ‘n nuwe voorgee bereken word.

2.4.3 Die voorgee van elke baan word jaarliks in die ritkalender gepubliseer.

**2.5 KANSELLASIE VAN RITTE**
(kyk ook 2.3.4)

2.5.1 Indien die weersomstandighede sodanig versleg dat dit ‘n gevaar inhou vir die deelnemers en deelnemende perde, kan die Ritmeester in konsultasie met die Hoofveearts en die Ritkomitee al die wegspringtye uitstel (bv. wanneer daar 'n donderstorm losbars) totdat die omstandighede verbeter het, mits daar nog geen ruiters weggespring het nie. In uiterste gevalle, waar die risiko vir ruiter en perd te groot is om voort te gaan, kan die rit gekanselleer word. Sou so ‘n besluit geneem word nadat sommige ruiters reeds weggespring het, moet die ritmeester toesien dat hierdie ruiters so gou moontlik in kennis gestel word (deur ‘n beampte op die baan uit te stuur), sodat hul met die kortste moontlik roete na die ritbasis kan terugkeer.

2.5.2 Indien die Ritmeester (na inspeksie van die roete en fasiliteite) van mening is dat die baan ‘n risiko vir die perde en/of deelnemers inhou (bv. weens te min waterpunte of onvoldoende roetemerkers of te min beamptes) kan hy, in konsultasie met die Hoofveearts en die Ritkomitee die wegspringtye uitstel totdat die betrokke probleme tot bevrediging van die ritmeester reggestel is. Geen ruiters mag wegspring voordat die Ritmeester toestemming daartoe gegee het nie.

2.5.3 Dit moet in gedagte gehou word dat die aard van uithouritte sodanig is dat dit die ruiter se vermoë onder alle omstandighede toets, en die besluit om 'n rit te kanselleer moet slegs onder uiterste omstandighede geneem word.

**2.6 KLASSIFIKASIE VAN RITTE, AANTAL BENE EN LENGTE VAN BENE**

2.6.1 Slegs ritte van dertig (30) kilometer en langer word as uithouritte beskou en kom as sodanig in aanmerking vir sertifikate, afstandtoekennings, medaljes, ens.

Ruiters kan inskryf vir slegs die eerste been (ongeveer 30km), òf onder die trapleerreëls (kyk artikel 2.8.5), òf vir distansies van 80km en langer (soos deur die ritkomitee geadverteer).

Indien die eerste been van 'n baan korter is as 30km, kan die klub wat die rit aanbied by die Raad aansoek doen dat dagruiters en ruiters wat vir slegs 30km inskryf, toegelaat moet word om op 'n ander been (wat minstens 30km lank is) te ry. Let op dat hierdie ruiters dan steeds beperk is tot deelname oor slegs een been van die rit, en nie kan voortgaan nadat die been voltooi is nie.

2.6.2 Aantal en lengte van bene

2.6.2.1 By ritte van 80 km tot 119 km in een dag mag die lengte van enige been nie 40 km oorskry nie, en mag geen been korter as 10km wees nie.

2.6.2.1.1 Alle ritte van 80 - 99km in een dag moet oor minstens drie bene (m.a.w. twee kontrolepunte en 'n eindpunt) beslis word.

- Hierdie reël bly van krag, ook as sulke ritte as deel van/oor dieselfde baan as langer ritte aangebied word.
- Indien 'n klub 'n rit oor 'n langer afstand onder die trapleerreëls aanbied, moet die baan so beplan word dat ruiters wat na 'n afstand van tussen 80 en 90km uittree (kyk artikel 2.8.5), reeds drie bene voltooi het.

2.6.2.1.2 Alle ritte tussen 100km en 119 km in een dag moet oor minstens vier bene (m.a.w. drie kontrolepunte en ‘n eindpunt) beslis word.

2.6.2.2 By ritte van 120 km en langer in een dag mag die lengte van enige been nie 40km oorskry nie, en behoort geen been korter as twintig (20) kilometer te wees nie.

2.6.2.2.1 Alle ritte tussen 120km en 135km in een dag moet oor minstens vier bene (m.a.w. drie kontrolepunte en ‘n eindpunt) beslis word.

2.6.2.2.2 Alle ritte tussen 136km en 159km in een dag moet oor minstens vyf bene (m.a.w. vier kontrolepunte en ‘n eindpunt) beslis word.

2.6.2.2.3 Alle ritte van 160km en langer in een dag moet oor minstens ses bene (m.a.w. vyf kontrolepunte en ‘n eindpunt) beslis word.

.

2.6.3 ‘n Rit van 80km en ‘n langer rit, of twee ritte van 80km op agtereenvolgende dae (waar daar vir elke dag apart ingeskryf word), mag by dieselfde geleentheid aangebied word. In so ‘n geval sal al die ritte van 80km en langer gereken word as kwalifiserende ritte vir deelname aan die Fauresmith 200 Nasionale Kampioen-skappe, sowel as vir die kortlys vir die Nasionale of Federasiespan wat deelneem aan die spankompetisie wat saamval met die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe. Waar 'n rit van langer as 80km oor meer as een dag strek (m.a.w. daar word nie vir elke dag afsonderlik ingeskryf nie) geld dit as slegs een kwalifiserende rit.

## 2.7 ROETE EN MERK VAN BAAN

2.7.1 Uitlê en verandering van bane

2.7.1.1 Die Ritkomitee moet poog om ‘n tegnies uitdagende roete uit te lê (binne die beperkinge van die betrokke omgewing). Daar moet gepoog word om veranderende oppervlaktes (hard, sag), terrein (plat, heuwels, koppies, ens), rigting en tipe pad (tweespoorpaadjies, wilds/beespaadjies) in te sluit. In beginsel behoort die roete nie meer as 10% harde pad (gemik op voertuiggebruik) in te sluit nie, en behoort die mees uitdagende deel van die roete nie aan die begin of die einde te wees nie.

2.7.1.2 Alle nuwe bane moet vooraf gemeet en geïnspekteer word deur ‘n verteenwoordiger van die Ritmeestersgroep. Skakeling in die verband geskied met die betrokke unieritmeester. Hierdie geld ook waar bestaande bane verander word.

2.7.2 Ruiters moet die voorgeskrewe roete volg en by elke kontrolepunt op die roete aanmeld. Indien ‘n ruiter die verkeerde roete volg:

2.7.2.1 Moet hy/sy terugkeer na die punt waar die fout begaan is en dan op die voorgeskrewe roete voortgaan. Tyd wat verlore gaan wanneer ‘n ruiter terugkeer na die punt waar die fout begaan is, word nie voor gekompenseer nie.

2.7.2.2 As alternatief, indien dit nie prakties moontlik is vir die ruiter om terug te keer na die punt waar die fout begaan is nie, kan die Ritmeester beslis dat die ruiter die afstand wat te min gery is oor ‘n alternatiewe roete oor soortgelyke terrein as deel van die volgende been van die rit moet voltooi. Indien hierdie opsie uitgevoer word, sal die ruiter nie in sy bepaalde kategorie geplaas word nie, en slegs erkenning kry dat hy/sy die rit voltooi het. Die ruiter kan ook nie vir die bes voorbereide perdtoekenning in aanmerking geneem word nie.

2.7.2.3 Indien nie een van hierdie twee opsies nagekom word nie, word die ruiter gediskwalifiseer.

2.7.3 Die basiese uitgangspunt by die uitleg en merk van bane moet altyd wees om dit vir ruiter en perd so veilig moontlik te maak. Dit moet ook ‘n ruiter wat ‘n bepaalde baan of roete glad nie ken nie, in staat stel om die rit te voltooi sonder dat daardie ruiter in situasies beland waar hy/sy nie weet presies waar gery moet word of wat van hom/haar verwag word nie.

2.7.3.1 Rigtingwysers

2.7.3.1.1 Rigtingwysers moet ongeveer vyf (5) kilometer uitmekaar oral langs die roete aangebring word. Indien die terein dit noodsaak, moet rigtingwysers nader aanmekaar geplaas word. Die Ritmeester wat by die betrokke rit diens doen kan, na inspeksie van die baan, opdrag gee dat addisionele rigtingwysers aangebring word om so te verseker dat daar nie by ruiters onsekerheid sal ontstaan m.b.t. die roete nie.

2.7.3.1.2 Rigtingwysers moet ook aangebring word op elke punt waar die roete draai, sowel as op alle punte waar ruiters moontlik die roete byster kan raak.

2.7.3.1.3 Rigtingwysers moet so geplaas word dat dit duidelik sigbaar is en nie deur plantegroei verskuil word nie.

2.7.3.1.4 Rigtingwysers moet van ‘n duursame materiaal van minimum A4 grootte gemaak wees. Die agtergrond moet wit wees, en die pyle (minstens 50mm breed) moet die hele grootte van die rigtingwyser vul.

2.7.3.1.5 Waar omstandighede dit noodsaak, kan pyle op ander agtergronde (bv klippe, mure, hekpale) geverf word. Hierdie pyle moet steeds aan die minimum grootte voldoen. Die Ritkomitee kan ook, in oorleg met die Ritmeester, van ander metodes gebruik maak (soos bv kalklyne en/of -pyle op die grond), met dien verstande dat die baan steeds so gemerk sal wees dat ruiters nie sal verdwaal nie.

2.7.3.1.6 Die kleur van rigtingwysers op die bene van ‘n klawervormige baan van 99 km of korter (oor drie bene) is soos volg:

- Been 1: Blou
- Been 2: Geel
- Been 3: Rooi

2.7.3.1.7 Die kleur van rigtingwysers vir bane langer as 99 km en oor meer as drie bene word aan die diskresie van die Ritkomitee oorgelaat.

2.7.1.3.8 Kontinue bane kan in een kleur gemerk word.

2.7.3.2 Afstandwysers

2.7.3.2.1 Afstandwysers moet van dieselfde materiaal en formaat as die rigtingwysers gemaak word. Die agtergrond moet wit wees, en die syfers (in swart) moet die hele grootte van die afstandwyser vul.

2.7.3.2.2 Afstandwysers moet presies 5 km (beginnende by die vertrekpunt) uitmekaar op die hele roete geplaas word.

2.7.3.3 Waterpunte

2.7.3.3.1 Waterpunte moet oral op die roete ongeveer 5 km uitmekaar geplaas word en/of beskikbaar wees. By elke waterpunt moet daar genoeg drinkbakke en drinkspasie wees sodat daar nie met tye ‘n opeenhoping van perde kan ontstaan nie. Drinkbakke moet skoon en vry van skerp punte wees. Die Ritmeester wat by die rit diens doen moet verseker dat daar voldoende water beskikbaar is, en mag, na inspeksie van die baan, opdrag gee dat addisionele waterpunte geplaas en/of beskikbaar gestel moet word.

2.7.3.3.2 ‘n Aanwysingsbord (‘n swart W teen ‘n wit agtergrond, van dieselfde materiaal en formaat as die rigtingwysers) moet 50m voor elke waterpunt aangebring word.

2.7.3.3.3 Waterpunte wat nie ‘n natuurlike bron met oorvloedige water is nie, sowel as waterpunte wat nie deur lopende water aangevul word nie, moet deurentyd aangevul word. Water moet skoon en drinkbaar wees.

2.7.3.3.4 Sover moontlik moet daar by elke waterpunt (maar minstens elke 15 km) ook skoon drinkwater vir die ruiters beskikbaar wees.

2.7.4 Wanneer ritte (gedeeltelik of ten volle) in die nag aangebied word, moet alle merkers wat gebruik word lig reflekteer. Daar moet ook, addisioneel tot hierdie merkers, van ligte en/of vure (slegs indien dit met veiligheid gebruik en deurlopend beman word) en/of glimstokkies ("lumi sticks") en/of bevoegde en betroubare baanbeamptes gebruik gemaak word.

2.7.5 Indien daar hekke op die roete is, moet dit voor die aanvang van die rit oopgesluit word. Indien dit nie vir die duur van die rit kan oopstaan nie, moet dit deurentyd beman wees. Geen tyd sal egter toegegee word vir die oopmaak van hekke wat nie beman is nie, of vir die verwydering van ander hindernisse nie.

2.7.6 Hindernisse en gevaarpunte op die roete (soos bv. plekke waar water oorgesteek moet word, erdvarkgate, steil afdraandes of slote wat op die roete voorkom) vorm deel van die moeilikheidsgraad van die baan. Gevaarpunte moet sover moontlik duidelik gemerk word om ongelukke te voorkom. Dit moet ook op die roetekaart aangedui word.

2.7.7 'n Bemande beheerpunt moet op alle plekke op ‘n baan waar daar ‘n groot risiko is dat ruiters verkeerd kan ry (ten spyte van rigtingwysers wat op die roete aangebring is) of kortpad kan neem, gestig word. Dit moet gekontroleer word dat alle ruiters by die beheerpunt verbygaan. Hierdie kontrole moet op 'n prakties uitvoerbare manier gedoen word (bv. deurdat die nommers en tye van alle ruiters wat verby hierdie punt gaan neergeskryf word, of dat gekleurde armbandjies/rekkies wat vooraf by vertrek op die betrokke been aan ruiters oorhandig is, by die beampte ingehandig word, of deur gebruik van 'n videokamera). Alle ruiters moet by die beheerpunt op dieselfde manier hanteer word, sodat geen ruiters benadeel word nie.

2.7.8 By die wegspringpunt moet ‘n terreinkaart (minimum A3 grootte) van die hele roete op ‘n sentrale punt opgeplak wees. Indien enigsins moontlik moet ‘n kaart van die roete op skaal 1:50 000 ook beskikbaar wees. Die roetekaart moet die volgende duidelik aantoon:

2.7.8.1 Die afstand van elke been, sowel as die totale afstand van die roete, aangedui tot die eerste desimaal.

2.7.8.2 Waterpunte met die afstande daartussen tot die naaste kilometer.

2.7.8.3 Gevaarpunte waarop die ruiters moet let, byvoorbeeld treinspore, slote, klipplate of klippe, en so meer.

2.7.8.4 Die kleur van die pyle/merkers waarmee elke been gemerk is.

2.7.9 Waar van toepassing, moet die voorgee van die baan, sowel as die maksimum voltooiingstyd en die kwalifiserende tyd (vir spanseleksie) vir die baan vir die betrokke seisoen by ‘n sentrale punt opgeplak word.

2.7.10 Ritvoorligting. Die dag/aand voor die rit moet ‘n ritvoorligting aangebied word. Dit word van alle ruiters verwag om hierdie ritvoorligting by te woon. Tydens hierdie voorligting moet:

2.7.10.1 Belangrike aspekte rakende die roete (veral gevaarpunte) en die lengte en kleur van elke been bespreek word.

2.7.10.2 Die voorgee van die baan, sowel as die maksimum voltooiingstyd en die kwalifiserende tyd (vir spanseleksie) vir die baan vir die betrokke seisoen bespreek word.

2.7.10.3 Afsnytye/sluitingstye van kontrolepunte (indien van toepassing) beklemtoon word.

2.7.10.4 Alle aspekte uniek tot die betrokke rit duidelik uitgewys word.

2.7.10.5 Deur die ritmeester klem gelê word op belangrike reëls (veral reëls wat dikwels a.g.v. onkunde deur ruiters verbreek word).

2.7.11 'n Ritprogram waarop die hoofverrigtinge aangedui word, moet by die inskrywingspunt en naby die tydhoukantoor vertoon word.

## 2.8 INSKRYWINGS

2.8.1 Met betrekking tot alle klub- en unieritte behoort ruiters vooraf aan die ritkomitee kennis te gee dat hulle beoog om aan die spesifieke rit deel te neem, om so beplanning te vergemaklik.

2.8.2 Alle ruiter/perdkombinasies wat aan 'n ritbyeenkoms deelneem moet vir die rit ingeskryf wees en is onderhewig aan die reëls van die UV v SA. Ruiter/perd-kombinasies wat nie vir die rit ingeskryf is nie, mag nie op die baan van die rit uitgaan/ry nie.

2.8.3 Die ruiter/perdkombinasie wat vir ‘n rit ingeskryf het, mag nie gedurende die rit verander nie. Nadat daar op ‘n rit weggespring is, mag ‘n ruiter nie sy perd omruil nie, en net so mag die ruiter van ‘n bepaalde perd nie met ‘n ander ruiter vervang word nie.

2.8.4 Die afstand waarvoor ‘n deelnemer ingeskryf het, sal te alle tye geld. Ruiters mag nie afstande verkort of verleng nadat die rit begin het nie, uitgesonderd wanneer ‘n ruiter onder die trapleerstelsel (kyk artikel 2.8.5) vir die rit ingeskryf het.

2.8.5 Trapleerstelsel. Die volgende is spesifiek van toepassing wanneer ruiters onder die trapleerstelsel vir ‘n rit inskryf:

2.8.5.1 Alle ruiters wat met ‘n nuwelingperd aan ritte deelneem, MOET volgens die trapleerstelsel inskryf, terwyl ruiters wat met uithouritperde aan ritte langer as 30 km wat onder die reëls van die UV v SA aangebied word deelneem, volgens die trapleerstelsel KAN inskryf (kyk Hoofstuk 4 vir die klassifikasie van perde).

2.8.5.2 'n Ruiter wat volgens die trapleerstelsel ingeskryf het kan na voltooiing van enige been van 'n rit die trapleer voltooi, maar eers nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek en geskik bevind is om met die rit voort te gaan, en voordat op die volgende been vertrek word. Sodra die ruiter op die volgende been vertrek het, moet hy/sy dan daardie been voltooi en moet die perd deur die veeartse geskik bevind word om aan te gaan, voordat die ruiter die trapleer kan stop. Erkenning word verleen vir die kilometers wat suksesvol voltooi is tot by die stop van die trapleer. Indien ‘n been nie voltooi word nie, sal geen kilometerkrediet toegestaan word vir vorige bene van die rit wat wel voltooi is nie.

2.8.5.3 Ruiter/perdkombinasies wat volgens die trapleerstelsel ry, word as ‘n aparte kategorie hanteer (losstaande van die hoofrit). Dit is nie ‘n kompeterende rit nie, en trapleerruiters sal nie in posisies geplaas word in die trapleerkategorie of tussen die deelnemers aan die hoofrit nie.

2.8.5.3.1 Slegs ‘n sertifikaat van voltooiing word aan trapleerruiters uitgereik, waarop geen posisie, tyd of spoed aangedui mag word nie.

2.8.5.3.2 In beide die ruiter se logboek en die perd se paspoort mag slegs aangedui word dat die ruiter en perd 'n bepaalde afstand onder die trapleerreëls voltooi het, en geen posisie, tyd of spoed mag aangedui word nie.

2.8.5.3.3 Die trapleerkategorie sal apart op die rituitslae gelys word, en geen rytyd en/of spoed mag op die uitslae aangedui word nie.

2.8.5.4 Geen gewigskategorieë of ruiterkategorieë is van toepassing nie. Alle ruiters wat ‘n bepaalde afstand onder die trapleerstelsel voltooi het, ongeag gewig of ouderdom, word as een groep op die rituitslae gelys.

2.8.5.5 Bene moet agtereenvolgens gery word (d.w.s eers been 1, dan been 2, ens).

2.8.5.6 Slegs een inskrywingsfooi is van toepassing, ongeag die afstand gery.

2.8.5.7 Ruiters moet die tydhouer in kennis stel wanneer hulle besluit om die trapleer te stop.

2.8.5.8 Waar ‘n ruiter 80km of langer onder die trapleerstelsel by ‘n enkele ritbyeenkoms voltooi, geld dit as kwalifiserende rit vir die Fauresmith 200 en ook vir kilometerkrediet met die oog op afstandtoekennings.

2.8.5.9 Trapleerritte word nie in aanmerking geneem vir die nasionale ruiter- en perderanglyste of vir die opstel van kortlyste vir nasionale en/of federasiespanne nie.

2.8.5.10 Alle ander reëls bly steeds van toepassing.

2.8.6 Aspekte wat spesifiek van toepassing is op die Fauresmith 200

2.8.6.1 Ten einde te kwalifiseer vir deelname aan die Fauresmith 200 nasionale kampioenskap moet beide die ruiter en die perd, maar nie noodwendig as kombinasie nie, ‘n minimum van drie (3) ritte van tagtig (80) km of langer voltooi gedurende die periode wat begin onmiddelik na afloop van die voorafgaande Fauresmith 200 nasionale kampioenskap en eindig met die laaste rit wat vir hierdie doel deur die Raad goedgekeur is.

2.8.6.2 Inskrywings

2.8.6.2.1 Inskrywing vir die Fauresmith 200 word beheer deur die Koördineerder van die rit, en die Koördineerder sal die prosedure en sluitingsdatum vir inskrywings jaarliks minstens drie maande voor die rit bekend maak. Ruiters wat nie volgens hierdie prosedure inskryf nie, sal nie toegelaat word om aan die Fauresmith 200 deel te neem nie.

2.8.6.2.2 Indien ‘n ruiter sy/haar perd na inskrywing moet onttrek, vir welke rede ookal, kan ‘n ander perd in die plek van die eerste perd gebruik word mits die tweede perd die vereiste drie (3) kwalifiserende ritte voltooi het. Die Ritkomitee van die Fauresmith 200 moet vooraf van so ’n omruiling in kennis gestel word.

2.8.6.2.3 Indien ‘n perd na inskrywing maar voor die voorritondersoek van die perd (eerste ondersoek deur die veeartse) onttrek word, geld artikel 2.12.2 (maar slegs indien bewys gelewer kan word dat die ruiter en/of die perd beseer of ernstig siek is).

2.8.6.2.4 Geen gelde sal terugbetaal word indien perde tydens of na die voor-ritondersoek ge-elimineer word, of wanneer ruiters na die aanvang van die rit gediskwalifiseer word nie.

## 2.9 VERTREK EN VERTREKTYE

2.9.1 Ruiters moet elke rit berede begin en eindig. Hulle mag egter enige tyd gedurende die rit afklim en hul perde lei. Ruiters hoef nie die tweede of opeenvolgende bene van die rit berede te begin nie, en hoef ook nie aan die einde van enige been (anders dan die laaste been) berede te wees nie. Ruiters wat volgens die trapleerstelsel ingeskryf het, hoef slegs by die laaste been van die rit/afstand waarvoor ingeskryf is berede te eindig (so ‘n ruiter sou dus sy perd kon inlei bv. na die tweede been van ‘n rit en dan besluit om om die trapleer te stop).

2.9.2 Vertrektye. Een van die volgende stelsels (volgens die diskresie van die ritkomitee) moet by alle ritte toegepas word:

2.9.2.1 Loting van vertrektye. Die ritkomitee bepaal vooraf hoeveel ruiters per wegspringgroep toegelaat kan word, en stel blanko groeplyste beskikbaar waarop die maksimum aantal ruiters per groep aangedui is. Ruiters moet by inskrywing aandui in watter groep hul wil wegspring. Die vertrektyd van elke groep word deur loting bepaal, en geen veranderinge aan die samestelling van ‘n groep word na loting toegelaat nie. Die interval tussen groepe word aan die diskresie van die ritkomitee oorgelaat.

2.9.2.2 Massa-wegspring (indien die terrein en getal inskrywings dit toelaat).

2.9.3 Indien 'n ruiter om een of ander rede laat by 'n klub- of unierit opdaag, word dit aan die diskresie van die ritkomitee oorgelaat of die ruiter toegelaat sal word om deel te neem of nie. Hierdie beslissing sal faktore soos die afstand waarvoor die ruiter wil inskryf en die tipe baan (klawerbaan of nie) in ag neem. Ruiters mag nie toegelaat word om met 'n vars perd saam met ander perde op die tweede of later been van 'n rit te vertrek nie.

2.9.4 Dit is die ruiter se uitsluitlike verantwoordelikheid om toe te sien dat hy/sy betyds by die vertrekpunt aanmeld (beide aan die begin van die rit, en weer vir die vertrek op elke been). Ruiters behoort drie minute voor vertrek reeds by die wegspringpunt aan te meld. Ruiters mag nie vertrek voordat die tydhouer/afsitter toestemming gegee het nie.

2.9.4.1 Indien 'n ruiter sy/haar vertrektyd self vertraag vir watter rede ookal (insluitend wanneer 'n senior 'n kinderruiter se vertrektyd vertraag, of andersom), mag daar nie vir die tyd wat so verlore gegaan het gekompenseer word nie.

2.9.4.2 Verlore tyd sal wel gekompenseer word indien:

2.9.4.2.1 Die vertraging die fout van die tydhouer/afsitter is; en

2.9.4.2.2 Die vertraging die gevolg van 'n opeenhoping van ruiters by die veeartsondersoekarea is.

## 2.10 KONTROLEPUNTE, VEEARTSONDERSOEKE EN TYDHOU

2.10.1 Verpligte rus-tydhoustelsel (tradisionele UV v SA tydhoustelsel)

2.10.1.1 Rytyd vir elke been begin wanneer die tydhouer/afsitter die teken gee dat die ruiter mag vertrek, en word gestop wanneer die perd by die kontrole-punt aankom. Tyd word òf gestop wanneer die perd se neus oor die aankomslyn gaan, òf, wanneer van transponders gebruik gemaak word, wanneer die ruiter se transponder deur die stelsel gelees word. Ruiters (of helpers) moet na aankoms 'n tydkaart by die tydhouers gaan afhaal.

2.10.1.2 Binne twintig (20) minute na aankoms by die kontrolepunt (aan die einde van elke been, en ook aan die einde van die rit) moet die ruiter sy/haar perd by die veeartse aanbied vir ondersoek. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van elke ruiter om toe te sien dat die perd binne die vasgestelde twintig (20) minute na aankoms by die kontrolepunt vir ondersoek aangebied word. Perde wat nie binne die bestek van 20 minute na aankoms aangebied word nie, word gediskwalifiseer. Ruiters moet beide die tydkaart en die veeartskaart saambring wanneer perde vir ondersoek aangebied word.

2.10.1.3 'n Ruiter mag sy/haar perd aanbied voordat die verpligte twintig minute rustyd verstreke is. Indien die polsslag nie binne die voorgeskrewe perk is nie, sal die ruiter gevra word om die veeartsarea te verlaat en om sy

perd ‘n tweede keer aan te bied. Die ruiter MOET dan die perd vir ‘n tweede keer kom aanbied. Daar is geen minimum periode wat moet verstryk voor die perd vir die tweede keer aangebied word nie; die perd moet net binne die vasgestelde twintig (20) minute na aankoms aangebied word. Indien die polsslag dan steeds te hoog is, word die perd outomaties ge-elimineer. Hierdie toegewing geld nie aan die einde van die rit nie; indien die perd aan die einde van die rit aangebied word en die polsslag is nie binne die voorgeskrewe perk nie, word die perd outomaties ge-elimineer, al is die volle twintig (20) minute nog nie verstreke nie.

2.10.1.4 Wanneer die perd by die veeartsarea aankom, moet ‘n kontrolebeampte kontroleer dat die perd betyds aangebied word. Perd en ruiter beweeg dan deur in ‘n hou-area, vanwaar hulle deur die veeartse (of ‘n kontrole-beampte) uitgeroep sal word om hul perde aan te bied.

2.10.1.5 Nadat die veearts die perd ondersoek het, en indien hy/sy tevrede is dat die perd aan al die vereistes voldoen en kan voortgaan met die rit, sal die veearts die veeartskaart volledig invul en teken, en ook beide afskrifte van die tydkaart onderteken.

2.10.1.6 Vyf-en-veertig minute na aankoms by ‘n kontrolepunt moet ‘n ruiter weer vertrek. Enige tydsverloop langer as 45 minute word as rytyd gereken.

2.10.1.7 Maksimum polsslag per minuut van toepassing op die verpligte-rus tydhoustelsel:

2.10.1.7.1 By ritte van 99km en korter oor een dag:

- Na die eerste been mag die polsslag van die perd nie 56 slae per minuut oorskry nie.
- Na die tweede been mag die polsslag van die perd nie 60 slae per minuut oorskry nie.
- Aan die einde van die rit (na die derde been) mag die polsslag van die perd nie 64 slae per minuut oorskry nie.

2.10.1.7.2 By ritte van 100km en langer oor een dag mag die polsslag van die perd nie 64 slae per minuut oorskry nie (hierdie geld by alle kontrolepunte tydens die rit).

2.10.1.7.3 By die Fauresmith 200 mag die polsslag van die perd nie 64 slae per minuut oorskry nie (hierdie geld by alle kontrolepunte op elke dag van die rit).

2.10.2 Hek-tydhoustelsel

2.10.2.1 Rytyd vir elke been begin wanneer die tydhouer/afsitter die teken gee dat die ruiter(s) mag vertrek. Wanneer die ruiter by die kontrolepunt aankom, word die aankomstyd deur die tydhouer aangeteken (hetsy deur dit op te skryf, of deur dit elektronies te bepaal). Rytyd word egter nie gestop nie.

2.10.2.2 Sodra die ruiter van mening is dat die perd gereed is om aan die veeartse aangebied te word, beweeg hy in die veeartsarea in. Sy “Tyd In” word

aangeteken op die tydkaart. Op hierdie stadium moet die perd se pols laer wees as die toelaatbare maksimum (kyk hieronder). Rytyd word nou gestop en houtyd begin. Die ritkomitee moet vooraf met die hoofveearts wat by die rit gaan diens doen skakel rakende die houtyd wat na elke been toegepas moet word. Die beginsels rakende houtye soos vervat in die Uithouritrëels van die FEI moet toegepas word, en ritkomitees moet hulself hiervan vergewis deur dit op die FEI se webwerf na te slaan. Hierdie inligting moet aan alle ruiters in die ritprogram beskikbaar gestel, en ook duidelik naby die tydhoukantoor vertoon word.

2.10.2.3 Perde moet binne die neergelegde maksimum tyd aangebied word. Indien perde te laat aangebied word, sal diskwalifikasie volg. Ruiters moet beide die tydkaart en die veeartskaart saambring.

2.10.2.4 Maksimum polsslag per minuut en maksimum tyd waarbinne die perd vir ondersoek deur die veeartse aangebied moet word wat van toepassing is op die hektydhoustelsel is dieselfde soos wat neergelê is deur die FEI vir ritte oor die bepaalde afstand, en die ritkomitee moet hulself hiervan gaan vergewis deur dit in die FEI se Uithouritreëls (soos beskikbaar op die FEI se webwerf) na te slaan. Die ritkomitee moet dit ook aan alle ruiters wat aan die rit deelneem, oordra.

2.10.2.5 Dit staan die ritkomitee vry om van beamptes gebruik te maak om perde se polsslag te tel wanneer die ruiter die perd in die veeartsarea inneem om so te verseker dat die pols binne die maksimum toegelate polsslag is. Hierdie is opsioneel en nie verpligtend nie. Indien die beampte bevind dat die pols bo die toegelate maksimum is, moet die perd dadelik na die eerste beskikbare veearts geneem word wat dan die polsslag sal tel.

2.10.2.6 Wanneer die perd vir ondersoek aan 'n veearts aangebied word, sal die veearts die perd se polsslag tel (hierdie geld steeds, al was die polsslag reeds deur 'n beampte getel toe die perd by die veeartsarea ingebring is). Indien die pols binne die toelaatbare perk is, word voortgegaan met die volledige ondersoek (soos voorgeskryf). Indien die polsslag te hoog is, sal die ruiter gevra word om die veeartsarea te verlaat (by die inkompunt) en sal die tydhouer die ruiter se rytyd heraktivieer. Die ruiter MOET dan die perd vir ‘n tweede keer kom aanbied. Daar is geen minimum periode wat moet verstryk voor die perd vir die tweede keer aangebied word nie; dit moet net binne die neergelegde maksimum tyd wees (kyk hierbo). Let op dat ruiters slegs twee kanse gegee word; indien die pols vir ‘n tweede keer bo die toelaatbare maksimum is, word die perd ge-elimineer. Hierdie toegewing geld nie aan die einde van die rit nie; indien die perd aan die einde van die rit aangebied word en die polsslag is nie binne die voorgeskrewe perk nie, word die perd outomaties ge-elimineer, al is die volle toegelate maksimum tyd nog nie verstreke nie.

2.10.2.7 Nadat die veearts die perd ondersoek het, en indien hy/sy tevrede is dat die perd aan al die vereistes voldoen en kan voortgaan met die rit, sal die veearts die veeartskaart volledig invul en teken, en ook die tydkaart onderteken. Die ruiter moet die veeartskaart en tydkaart by die “Uit” punt van die veeartsarea inhandig.

2.10.2.8 Die veearts kan te enige tyd vra dat die perd vir ‘n tweede ondersoek (nie minder as vyftien (15) minute voordat die perd op die volgende been moet vertrek) aangebied moet word. By langer ritte sal daar by sekere kontrolepunte verpligte herondersoeke (ook bekend as "herstel-ondersoeke") gedoen word (hierdie sal vooraf bepaal en aangekondig word).

2.10.3 Die volgende geld by beide stelsels:

2.10.3.1 By alle ritte moet die veeartsondersoekareas met duidelik sigbare linte of toue afgespan word, met 'n aparte ingang en uitgang. Die areas moet groot genoeg wees om ‘n gemaklike deurvloei van perde te verseker. Lane binne die area moet d.m.v. kalkstrepe aangedui word. Dit word aanbeveel dat die ingang na die veeartsarea in die middel sal wees, met uitgange aan een of beide kante.

2.10.3.2 Veeartskaarte

2.10.3.2.1 'n Veeartskaart moet met inskrywing aan elke ruiter uitgereik word.

2.10.3.2.2 Die volgende kleurkodes moet op alle veeartskaarte gebruik word (hetsy deur die hele veeartskaart op die betrokke kleur karton te druk, of deur 'n gekleurde plakker op die veeartskaart aan te bring:

- Inskrywings vir slegs 30 - 40 km oor een been: Blou
- Trapleerinskrywings: Geel
- Inskrywings vir kompeterende ritte van 80 - 90km oor drie bene: Rooi
- Inskrywings vir kompeterende ritte van 120 - 130km: Groen
- Inskrywings vir kompeterende ritte van 160km: Wit

2.10.3.2.3 Die ruiter moet die veeartskaart by alle veeartsondersoeke aan die veearts oorhandig sodat die bevindige van die veearts daarop aangeteken kan word.

2.10.3.2.4 Sou die ruiter gedurende die rit sy veeartskaart verloor of verlê, of indien die veeartskaart so beskadig word dat dit nie meer bruikbaar is nie, sal hy/sy nie gediskwalifiseer word nie. 'n Nuwe veeartskaart moet dan deur die ritkomitee aan die ruiter beskikbaar gestel word. Indien die oorspronklike kaart nie voor die einde van die rit (saam met die nuwe) ingedien kan word nie, sal die perd nie in aanmerking geneem word vir die bes voorbereide perd toekenning nie.

2.10.3.3 Perde moet met ‘n halter (sonder toom) en sonder saal aangebied word. Hingste wat moeilik hanteerbaar is mag met ‘n hingshalter of ‘n toom aangebied word (onder voorwaarde dat die toom en/of gebit nie die ondersoek sal belemmer nie). Alle bykomstighede (soos polsmeters, verbande, aankap-kussings, ens) moet verwyder word voordat daar by die veeartsarea ingegaan word. Waar perde kaalvoet, maar met hoefstewels

gery word, kan die ruiter die perd met of sonder die hoefstewels aanbied. Indien die perd met hoefstewels aangebied word, kan veeartse nie versoek dat dit verwyder word nie. Perde mag met ‘n kombers op aangebied word, maar die kombers moet verwyder word wanneer die veearts dit versoek. By ritte wat onder die hek-tydhoustelsel aangebied word, en waar ‘n perd vir ‘n herondersoek (herstel-ondersoek) aangebied word, mag die perd met toom en reeds opgesaal (gereed vir vertrek) aangebied word.

2.10.3.4 ‘n Ruiter en slegs een helper word by ‘n veeartsondersoek toegelaat. Die ruiter moet teenwoordig wees; indien nie moet daar ‘n grondige rede daarvoor wees. Indien die betrokke ruiter ‘n lid van ‘n amptelike span is mag die spanbestuurder of afrigter ook die ruiter vergesel (addisioneel tot die helper soos reeds genoem).

2.10.3.5 Slegs perde wat ondersoek word/wag om ondersoek te word mag in die veeartsondersoekarea ingeneem word. Sodra die ondersoek afgehandel is moet die perd dadelik uit die veeartsondersoekarea verwyder word (met die toegewing dat, waar perde saam ry, een perd kan wag tot die ondersoek op die ander perd ook afgehandel is).

2.10.3.6 Wanneer ‘n perd ge-elimineer word moet dit deur minstens twee veeartse aanbeveel word, tensy die ruiter (of ouer of voog van die ruiter indien dit 'n kinderruiter is) die eerste veearts se opinie aanvaar. In so 'n geval moet die ruiter op die veeartskaart teken direk langs die rede vir eliminasie soos deur die veearts op die veeartskaart aangeteken.

2.10.3.7 Wanneer mankhede beoordeel word, is dit die voorkeuropsie dat ‘n paneel van drie veeartse onafhanklik stem, en geld die meerderheidsopinie. Indien daar nie drie veeartse beskikbaar is nie, moet daar deur twee veeartse onafhanklik gestem word, en sal die perd die voordeel van die twyfel kry indien daar ‘n staking van stemme is. Indien die ruiter (of ouer of voog van die ruiter indien dit 'n kinderruiter is) die eerste veearts se opinie aanvaar, hoef daar nie gestem te word nie. In so 'n geval moet die ruiter op die veeartskaart teken direk langs die rede vir eliminasie (mankheid) soos deur die veearts op die veeartskaart aangeteken.

2.10.3.8 Appél kan nie teen beslissings van die veeartspaneel aangeteken word nie. Veeartse sal nie in argumente met ruiters, eienaars of helpers betrokke raak nie en alle ontevrede ruiters, eienaars of helpers moet deur die ritmeester hanteer word om die veeartse so vry te stel om met hul taak voort te gaan.

## 2.11 OPTREDE OP DIE BAAN

2.11.1 Ruiters moet stadiger ry en/of stilhou wanneer so versoek deur

2.11.1.1 Die baanveearts (wat duidelik as sulks identifiseerbaar is), om so te verseker dat die perd in staat is om met die rit voort te gaan. Die baanveearts moet op 'n plek op die baan waar meeste ruiters in elk geval op 'n draf sal ry, stelling inneem.

2.11.1.2 'n Baanbeampte (wat duidelik as sulks identifiseerbaar is), indien daar probleme op die baan voorkom en dit vir die veiligheid van ruiter en/of perd noodsaaklik is dat hul stadiger moet ry.

2.11.2 Dit word van ruiters verwag om plek te maak vir vinniger ruiters wat wil verbykom. Opsetlike vertraging van ander ruiters kan tot diskwalifikasie lei.

2.11.3 Hulp van buite

2.11.3.1 Die volgende hulp van buite word toegelaat

2.11.3.1.1 Op plekke langs die roete wat deur die Ritkomitee aangedui is as “groom punte”. Hier mag helpers die ruiter en perd help (bv. kos en water gee, perde afspoel, saaltuig verstel, ens).

2.11.3.1.2 By die ritbasis/kontrolepunte, voor die wegspring en nadat die ruiter/perdkombinasie ‘n been voltooi het mag die ruiter bygestaan word en mag hy/sy gehelp word om sy/haar perd te versorg.

2.11.3.1.3 Wanneer ‘n ruiter geval het, of wanneer ‘n perd wat gelei word losruk, mag die ruiter gehelp word om sy perd te vang. Die ruiter en perd moet dan terugkeer na die plek waar hulle van mekaar geskei was en die roete van daardie punt af verder volg. Indien beide perd en ruiter (sonder hulp) die roete gevolg het tot waar hulle weer bymekaar uitgekom het, kan die roete van daardie punt af verder gevolg word.

2.11.3.1.4 Wanneer ‘n perd ‘n hoefyster(s) verloor, mag ‘n hoefsmid of persoon deur die ruiter/eienaar/helper genomineer (met vooraf toestemming van die ritmeester) op die baan gaan om die yster te vervang.

2.11.3.1.5 Ruiters mag sellulêre telefone gebruik op die baan (maar nie terwyl hulle berede is nie), en mag ook van “Global Positioning Systems (GPS)” gebruik maak tydens die rit.

2.11.3.1.6 In alle gevalle waar daar twyfel bestaan rakende die toelaatbaarheid van hulp van buite sal die dissiplinêre komitee die finale sê hê en sal die komitee se besluit nie onderhewig wees aan verdere appél nie.

2.11.3.2 Die volgende hulp van buite is ontoelaatbaar:

2.11.3.2.1 Geen voertuig van enige aard, voetganger of persoon te perd (indien so’n persoon te perd nie deel is van die rit nie) mag ‘n bewegende perd gedurende die rit vergesel (hetsy deur voor, langs of agter die perd te ry of te loop) nie, tensy in noodgevalle waar vooraf toestemming deur die ritmeester verleen is, of waar dit 'n ritbeampte is wat dit

in opdrag van die ritmeester en in belang van veiligheid van die ruiter (veral in die nag) doen.

2.11.3.2.2 Op geen stadium van die rit mag ‘n perd of ‘n ruiter op enige tipe voertuig gelaai word nie, tensy hulle gediskwalifiseer is of uittree. Sou ‘n ruiter van sy/haar perd afval en die perd hardloop weg, mag ‘n helper (of mederuiter) die perd tot by die ruiter terugbring, maar nie die ruiter tot by die perd, of die perd tot by die ruiter, vervoer nie.

## 2.12 NIE-VOLTOOIING

2.12.1 Terminologie. Die volgende terminologie moet op die veeartskaart, sowel as in perdepaspoorte en ruiterlogboeke gebruik word wanneer ruiter en perd nie die rit voltooi nie.

2.12.1.1 Gediskwalifiseer (“Disqualified”) (D). Wanneer ‘n ruiter se deelname geskrap word vanweë die oortreding van enige van die algemene reëls waaronder die uithourit aangebied word.

2.12.1.2 Ge-elimineer (“Eliminated”) (E). Wanneer ‘n perd volgens die veeartspaneel nie geskik is om met die rit voort te gaan nie (insluitend aan die einde van 'n rit, waar die beginsel geld dat die perd sou moes kon voortgaan indien daar nog 'n been was).

2.12.1.3 Uitgetree (“Retired”) (R). Wanneer 'n ruiter (wat wel weggespring het) besluit om, ten spyte daarvan dat die perd die veterinêre kirtieria geslaag het, nie met die rit voort te gaan nie.

2.12.1.4 Onttrek (“Withdrawn”) (X) Wanneer die perd deur die ruiter onttrek word voordat op die eerste been weggespring word.

2.12.1.5 Stop Trapleer (“Stopped Step Ladder”) (TL). Wanneer ‘n ruiter, wat onder die trapleerreëls ingeskryf het, aan die einde van ‘n been en nadat die perrd deur die veeartspaneel ondersoek en geskik bevind is om voort tegaan, besluit om nie op die volgende been te vertrek nie.

2.12.2 Indien ‘n ruiter onttrek of gediskwalifiseer of ‘n perd ge-elimineer word na inskrywing maar voordat die betrokke ruiter/perdkombinasie op die eerste been van die rit wegspring, moet die inskrywingsgeld minus alle heffings (d.w.s heffings wat aan die UV v SA, die betrokke Unie en die veeartspaneel wat by die rit diens doen oorbetaal moet word) en minus 'n 25% administrasiefooi (wat deur die klub teruggehou word) aan die ruiter terugbetaal word (stalgelde en etegelde word nie terugbetaal nie).

2.12.3 Indien ‘n ruiter onttrek of gediskwalifiseer of ‘n perd ge-elimineer word voordat daar op die eerste been van 'n rit weggespring word by klub- of unieritte, kan die ruiter ‘n ander perd inskryf, mits die tweede perd aan al die kwalifiseringsvereistes soos van toepassing op die spesifieke rit, indien enige, voldoen. Geen addisionele betaling aan die klub of terugbetaling aan die ruiter is dan ter sprake nie.

2.12.4 Indien ‘n ruiter onttrek voordat daar op die eerste been van ‘n rit weggespring word by klub- of unieritte, kan ‘n ander ruiter met die perd wat ingeskryf was aan die rit deelneem. Die Ritmeester en tydhouer moet hiervan in kennis gestel word.

2.12.5 ‘n Ruiter kan uittree

2.12.4.1 Terwyl hy/sy aan die rit deelneem en hom/haarself op die baan bevind. Die perd moet dan na die ritbasis teruggeneem word en binne twintig (20) minute na aankoms by die ritbasis aangebied word vir ondersoek deur die veeartspaneel.

* Indien die perd nie aan al die veterinêre kriteria voldoen nie (m.a.w. nie die ondersoek “slaag” nie), sal dit op die veeartskaart en in die perdepaspoort en ruiterlogboek aangeteken word dat die perd elimineer is.

* Indien die perd wel aan al die veterinêre kriteria voldoen (dus die ondersoek “slaag”), sal dit aangeteken word dat die perd uitgetree het.

2.12.4.2 Nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek is en geskik bevind is om met die rit voort te gaan, en voordat daar op die volgende been van die rit vertrek word.

2.12.4.3 Let op dat 'n ruiter wat onder die trapleerreëls ingeskryf het, nie uittree nie, maar wel die trapleer stop indien hy besluit om nie met 'n rit voort te gaan (nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek en geskik bevind is) nie.

2.12.5 Indien ‘n ruiter/perdkombinasie nie die rit voltooi nie, moet die rede daarvoor duidelik op die veeartskaart en die tydkaart aangedui word. Die rede moet ook in beide die ruiterlogboek en perdepaspoort aangeteken word, en deur die hooftydhouer op die rituitslagvorms aangedui word.

## 2.13 MAKSIMUM VOLTOOIINGSTYE

2.13.1 Maksimum voltooiingstye geld vir alle ritte (insluitend ritte waaraan daar onder trapleerreëls deelgeneem word)

2.13.1.1 Vir ritte van 100km en langer op een dag wat onder die UV v SA reëls aangebied word, word die maksimum voltooiingstyd vooraf deur die ritkomitee wat die betrokke rit aanbied, bepaal, met die riglyn dat dit gebaseer behoort te word op 'n gemiddelde werklike spoed van 10km per uur. Die ritkomitee kan ook vooraf afsnytye vir bepaalde kontrolepunte bepaal, wat voor die rit aangekondig moet word. Ruiters moet dan by hierdie afsnytye hou.

2.13.1.2 Vir ritte van 99km en korter op een dag word die maksimum voltooiingstyd vooraf deur die ritkomitee wat die betrokke rit aanbied,

bepaal, met die riglyn dat dit gebaseer behoort te word op 'n gemiddelde werklike spoed van 8km per uur.

2.13.1.3 Vir ritte wat oor meer as een dag strek word die maksimum voltooiingstyd vir elke dag bereken volgens dieselfde benadering soos in artikel 2.13.1.1 en 2.13.1.2 hierbo.

2.13.1.4 Maksimum voltooiingstye word jaarliks in die ritkalender gepubliseer.

2.13.2 Die ritmeester, in samewerking met die hoofveearts, mag, na deeglike oorweging, besluit om die maksimum voltooiingstyd op die dag aan te pas tot ‘n maksimum van 120% van die gepubliseerde voltooiingstyd. Die kwalifiserende tyd vir die kortlys vir die Nasionale of Federasiespan wat aan die span-kompetisie wat saamval met die Nasionale Kampioenskappe te Fauresmith deelneem, bly egter onveranderd. Net so mag die afsnytyd by spesifieke kontrolepunte ook aangepas word. Die toestande wat in ag geneem behoort te word sluit in: uiterste temperatuur en humiditeit, digte mis en baie nat toestande. Die besluit mag voor of tydens die rit geneem word, en alle ruiters moet van die verandering in kennis gestel word. Die ritmeester moet die besluit volledig in sy verslag aan die Raad uiteensit.

**2.14 SERTIFIKATE EN PRYSUITDELINGS**

2.14.1 Aan elke ruiter (insluitend tydelike lede en dagruiters) wat ‘n uithourit suksesvol voltooi moet ‘n sertifikaat van prestasie uitgereik word. Ander vorms van erkenning soos rosette en pryse (insluitend geldpryse) is ook toelaatbaar.

2.14.2 Die werklike afstand van alle ritte moet aangedui word op die sertifikaat van prestasie wat na die rit oorhandig word aan alle ruiters wat die rit suksesvol voltooi het. Op alle sertifikate vir 30 km ritte moet die “dertig” as ‘n woord uitgeskryf word.

2.14.3 Die ritkomitee van die rit besluit oor die formaat en reëlings van die prysuitdeling.

**2.15 INDIEN VAN UITSLAE**

2.15.1 Die uitslae van alle ritte en alle tersaaklike dokumentasie moet binne ‘n periode van veertien (14) dae na afloop van die rit by die UV v SA se sentrale kantoor ingehandig word. Die volgende moet hierby ingesluit wees:

2.15.1.1 Rituitslae. ‘n Elektroniese kopie van die rituitslae, in die voor-geskrewe formaat, verkieslik per e-pos of alternatiewelik op 'n kompakte skyf ("CD"). Hierdie moet die volgende insluit:

- Naam van die rit
- Ritdatum
- Voorgee van die baan
- Maksimum voltooiingstyd
- Kwalifiserende tyd vir insluiting op die kortlys vir die federasiespan wat aan die spankompetisie wat saamval met die Fauresmith 200 (indien van toepassing)

- Afstand van elke been
- Naam, adres en telefoonnomer van
  - Ritmeester wat by die rit diens gedoen het
  - Hoofveearts wat by die rit diens gedoen het
  - Hooftydhouer wat by die rit diens gedoen het
  - Klubvoorsitter
  - Klubsekretaris
- Toestand van die baan
- Weersomstandighede
- Besvoorbereide perd(e)
- Volledige uitslae vir elke afstand en elke kategorie
- Lys van alle ruiter/perdkombinasies wat nie die rit voltooi het nie.

2.15.1.2 Bewys dat die ritheffing (soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal) in die UV v SA se bankrekening inbetaal is.

2.15.1.3 Verslag deur die ritmeester wat by die rit diens gedoen het (UV v SA Vorm E).

2.15.1.4 Verslag deur die hoofveearts wat by die rit diens gedoen het (UV V SA Vorm M).

2.15.1.5 Verslag deur die hooftydhouer wat by die rit diens gedoen het (UV v SA Vorm N).

2.15.1.6 In gevalle waar 'n perd by die rit dood is, die betrokke verslagvorm (UV v SA Vorm D) met alle tersaaklike dokumentasie.

2.15.2 Indien bogenoemde dokumentasie die sentrale kantoor nie binne veertien (14) dae bereik nie, sal die Algemene Bestuurder 'n waarskuwing aan die klub uitreik. Indien die dokumentasie die kantoor nie binne sewe (7) daarna bereik nie, sal die betrokke klub beboet word met 'n bedrag soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

2.15.3 Dit is die verantwoordelikheid van die administratiewe beampte werksaam in die UV v SA sentrale kantoor om die dokumentasie binne twee weke na ontvangs na die betrokke raadslede en/of beamptes van die Raad te versprei.

2.15.4 Dit is die verantwoordelikheid van die algemene bestuurder van die Raad om:

2.15.4.1 Met ritkomitees te skakel rakende onduidelikhede op en/of probleme met rituitslae sodat dit reggestel kan word.

2.15.4.2 Toe te sien dat die uitslae by die UV v SA se uitslae-databasis bygevoeg word.

2.15.4.3 Toe te sien dat die uitslae op die webtuiste van die UV v SA beskikbaar gestel word.

2.15.5 Wanneer SA Nasionale Spanne, Federasiespanne of SA Ontwikkelingspanne aan kompetisies buite Suid Afrika deelneem, is dit die verantwoordelikheid van die betrokke spanbestuurders om die uitslae van die rit binne vier weke na die rit by die Algemene Bestuurder in te dien, waarna die Algemene Bestuurder moet toesien dat die uitslae tot die UV v SA uitslae-databasis toegevoeg word. Die uitslae moet minstens die volgende inligting bevat:

- Naam van die rit
- Ritdatum
- Afstand van die rit en van elke been
- Besvoorbereide perd toekennings, indien die ruiter ‘n lid van UVV SA was
- Volledige uitslae (tov UV v SA ruiters) vir elke afstand en elke kategorie (posisie, tyd per been en totale tyd; indien moontlik ook die perd se polsslag en gliptyd vir elke been). Let ook op dat die betrokke ruiters se UV v SA lidnommers aangedui moet word, sowel as die perd se UV-nommer indien met eie perde deelgeneem is.
- Lys van alle UV v SA ruiters wat nie die rit voltooi het nie.

2.15.6 Wanneer UVV SA lede as individue aan kompetisies buite Suid Afrika deelneem, is dit die verantwoordelikheid van die betrokke ruiter om die uitslae van die rit binne vier weke na die rit by die Algemene Bestuurder in te dien (of die ruiter die rit voltooi het al dan nie), waarna die Algemene Bestuurder dit moet verifieer en toesien dat die uitslae tot die UV v SA uitslae-databasis toegevoeg word. Die uitslae moet minstens die volgende inligting bevat:

- Naam van die rit
- Ritdatum
- Afstand van elke been
- Besvoorbereide perdtoekenning, indien so ‘n toekenning aan die ruiter gemaak is.
- Volledige uitslae (posisie, tyd per been en totale tyd; indien moontlik ook die perd se polsslag en gliptyd vir elke been). Let ook op dat die ruiter se UV v SA lidnommer aangedui moet word, sowel as die perd se UV-nommer indien daar met 'n eie perd deelgeneem is.